

Inhoud Hierdie preek wys dat die slagspreuk van die seksuele rewolusie in die Afrikaanse gemeenskap: liefde is liefde, nie die liefde is waartoe gelowiges verbind is nie. Dit wys ook dat Jesus nie gekom het om God se oordeel dat sonde sonde is, weg te vat nie, maar vir sy kinders die oordeel te dra sodat hulle weer volgens die wet kan lief hê. Dit wys dat hierdie slagspreuk, onder die skyn van liefde, niks anders beteken as “lustigheid is lustigheid” nie. Wie in hierdie lustigheid as liefde glo, het Jesus die bron en regverdiging van seksuele lustigheid gemaak.

Skriflesing 1 Joh. 4: 7 - 5: 4

Teks 1 Joh. 4: 19 Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het.

Tema Ons liefde is onderhouding van God se wet

“Liefde is Liefde!”

Dit is die nuwe slagspreuk van die seksuele rewolusie in die Afrikaanse gemeenskap teen die kerk. Hierdie seksuele rewolusie het al in Europa en Amerika in die sestiger jare begin en het nou in die Afrikaanse gemeenskap sy volle krag laat begin geld.

“Liefde is liefde!” is as slagspreuk veral gemik teen die Christelike Kerke, met name dan ook teen die NG Kerk.

Hierdie slagspreuk is 'n magsverklaring, nie 'n geloofsbelydenis in God nie. Dit wil nie 'n belydenis doen oor God se liefde vir sondaars nie. Dit is ook nie 'n geloofsbelydenis oor hoe mense God lief het nie.

“Liefde is liefde!”, is 'n verklaring oor hoe mense mekaar lief het! Dit is teen die Christelike geloof gemik omdat met hierdie magsverklaring oor liefde, die kerk van die Here voorgehou word as mense wat werklike en ware liefde soos liefde tussen mense bedoel is om te wees, veroordeel, verdag maak, sleg maak en mense wei mekaar lief het, doelbewus en kwaadwillig seer maak.

2. Hierdie magsverklaring gaan spesifiek oor seksuele omgang tussen mense wat tot mekaar aangetrokke voel. Vanaf die sestiger jare in Europa en Amerika was gemeenskap doelbewus losgemaak van voortplanting. Dit was veral moontlik deur die koms van voorbehoedmiddels. Dit het die vryheid gegee van omgang sonder voortplanting.

Daarna is dit toe losgemaak van die huwelik deur saambly, toe losgemaak van gebondenheid aan een persoon en toe ook losgemaak van die verhouding man en vrou.

Met hierdie magspreuk word verklaar dat mense wat tot mekaar aangetrokke voel hulle aangetrokkenheid met seksuele omgang kan vier.

Dit is die bedoeling van die magsaankondiging “liefde is liefde!

Niemand mag hierdie omgang van mense wat tot mekaar aangetrokke voel, kritiseer, beoordeel, afkeur of daarmee verskil nie. Doen jy dit wys dit jy is iemand wat nie werklik en ware liefde vir mense gun nie met jou bekrompenheid, engheid, onwetenskaplike en naïewe opvatting oor geslagtelikheid.

3. Hierdie magspreuk het nou ook binne ons kerk 'n geloofsoortuiging geword.

Dit het predikante gedoen deur Jesus voor te hou as die groot geestelike wat vir ons kom wys het: Liefde is Liefde!

Hulle gebruik vir hierdie geloofsoortuiging veral twee sake uit die Bybel. Hulle wys eers dat Jesus verklaar het dat Hy nie gekom het om mense te oordeel nie. Hiervoor gebruik hulle dan veral die Johannes evangelie waaruit hulle dan sinne aanhaal soos:

“¹⁷ God het immers nie sy Seun na die wêreld gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom verlos kan word. ¹⁸Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie, maar wie nie glo nie, staan reeds veroordeel omdat hy nie in die Naam van die unieke Seun van God geglo het nie.” Johannes 3.

Hulle verbind dit veral dan aan die Here se optrede teenoor die owerspelige vrou in Johannes 8. Die Jode bring 'n owerspelige vrou na Jesus wat hulle volgens die wet met klippe wil dood gooi. Hulle vra Jesus wat hy oor hierdie owerspelige vrou sê sodat hulle Hom as wetteloos mens voor God kan uitwys.

Die Here het eers niks gesê, maar toe hulle op 'n antwoord aandring, stel Hy die volgende: “¹⁰Jesus het toe regop gekom en vir haar gevra: “Vrou, waar is hulle? Het niemand jou veroordeel nie?” ¹¹Sy antwoord: “Niemand nie, meneer.” Jesus sê toe: “Ek veroordeel jou ook nie.” (Johannes 8)

Met hierdie gedeeltes glo hulle Jesus wys ons dat God niemand meer veroordeel nie.

4. Die tweede gedeelte wat hulle uit die Bybel aanhaal om te glo dat Jesus wys ons “Liefde is liefde”, kry hulle in die Here se samevatting van die wet in Matteus 22 en dan verklaar hulle dit op 'n eie kenmerkende manier.

“³⁴Toe die Fariseërs hoor dat Hy die Sadduseërs die swye opgelê het, het hulle bymekaargekom. ³⁵Een van hulle, 'n wetskenner, het vervolgens 'n vraag gestel om Hom te toets: ³⁶“Meester, wat is die belangrikste gebod in die Wet?” ³⁷Hy het vir hom gesê: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.’ ³⁸Dit is die belangrikste en die eerste gebod. ³⁹En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ ⁴⁰Op hierdie twee gebooe berus die hele Wet en die Profete.”

Geestelikes verklaar hierdie opsomming wat die Here hier gee altyd só! Die Jode het nie geweet dat die werklike saak waaroor dit in die godsdiens gaan is liefde nie. Hulle was vasgevang in 'n wettiese liefdelose godsdiens. Hulle was net op die uiterlike wetsonderhouding ingestel, en het nie die regte saak van God, liefde, geken of nagestreef nie.

Jesus sou dan vir ons kom wys het dat die werklike saak waaroor dit gaan is nie die wet van God nie, maar ware liefde! Liefde wat liefde is! Daarom sal hulle 1 Joh 4: 15 aanhaal – dat hulle nie meer by die wet is nie maar soos Jesus is, en Jesus is liefde! Om soos Jesus te wees is om nie meer by die wet maar by die liefde te wees.

Met hierdie twee oortuigings maak hierdie predikante dan die magspreuk “Liefde is liefde” die bedoeling van Jesus en wat Jesus dan vir ons sou kom wys en leer het.

Ons mag niemand veroordeel vir wat hulle doen nie, want liefde is liefde en ons mag nie met eng, inperkende, onderdrukkende, onwetenskaplike, naïewe uiterlike wetsvoorskrifte kom nie, want Jesus sou dan vir ons kom wys het liefde is liefde en staan nie meer by die wet nie.

5. Kom ons toets hierdie nuwe wettelose geestelikheid in die kerk aan die Woord van die Here!

Wat leer God se Woord is werklike en ware liefde?

Die apostel Johannes tel dit só in 1 Johannes 5: “² Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet, en sy gebooie nakom. ³Want dit is die liefde vir God, dat ons sy gebooie onderhou, en sy opdragte is nie 'n swaar las nie;

Hoe weet ons of ons iemand lief het?

Die gemeenskapsoortuiging klink vandag só! As jy tot iemand aangetrokke voel, is dit liefde! As jy van iemand hou, is dit liefde! As jy graag met iemand innig en intiem wil wees, dan is dit liefde!

Wat sê die Here se Woord? Dit is sonder enige misverstand helder en duidelik: “jy weet of jy iemand lief het wanneer jy God se gebooie nakom. Want ware en werklike liefde vir God en jou medemens, is die onderhouding van god se gebooie met en teenoor jou naaste.

Jy weet dat jy iemand lief het, wanneer jy daardie persoon volgens God se wet wil behandel. Die wet van God wys vir jou of jy iemand werklik en waarlik lief het.

Aangetrokkenheid, hou van, innig en intiem wees, kan nooit in sig self liefde wees nie. Toewyding aan mekaar volgens God se wet, is liefde. Daarom kan aangetrokkenheid, hou van, innigheid en intimiteit net liefde wees wanneer dit volgens God se wet is.

6. Ons kan nie uit God se Woord die magspreuk “liefde is liefde, vergeestelik en in die Naam van Jesus voorhou as die bedoeling van die Here se verlossingswerk nie.

Kyk hoe vat Paulus die bedoeling van liefde in kort geloofsbelydenisse saam:

“die liefde die vervulling van die wet.” Rom. 13: 10

“Wie sy medemens liefhet, het die wet vervul” Rom. 13: 8

Kan u die verskil hoor?

Nie liefde is liefde nie, maar liefde is hoe ’n mens die eise van die wet vervul! Nie liefde is liefde nie, maar wie lief het, vervul die bedoeling en eis van die Tien Gebooe!

Paulus wys dit uitdruklik met die vers: ⁹Want dit, “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod ook al, word saamgevat in hierdie uitspraak: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Christelike liefde is nie die alternatief op die wet van God nie. Liefde is die samevatting van alles wat die wet van ons eis. Samevatting beteken dit is waaroor elke gebod in die wet gaan – dit gaan oor hoe jy God en jou naaste moet lief hê.

7. Dit bring ons by die Here se samevatting van die wet in Matteus 22. Jesus word gevra wat is die belangrikste gebod in die wet.

Hierdie vraag is nie onduidelik nie. Die vraag is nie wat is die nuwe alternatief op die inhoud van die wet nie. Die vraag is wat is die grootste saak in die Tien Gebooe. Die Here wys niks nuuts in sy antwoord nie. Die antwoord: “Jy moet god met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte lief hê” is presies wat elke Jood geken en geglo het. Die Here dink nie die woorde self uit nie. Dit is die samevatting van die wet van god al reeds in Deuteronomium 6. Dit is aan elke kind van kleinsaf geleer – en word vandag nog die “Shema Israel” genoem.

Luister Israel, die Here is ons God die Here alleen. Jy moet die Here jou God lief hê met hart en siel en al jou krag.” En die woorde wat ek vandag aan jou voorskryf moet jy op jou hart dra.”

Die liefde is nie die innerlike en die wet die uiterlike nie. Die wet is hoe ons God innerlik liefhet.

Net so is die woorde “Jy moet jou naaste lief hê soos jouself” weer nie iets nuuts wat Jesus kom wys en leer het nie. Dit staan letterlik net so in Levitikus 19: 18 en die Here haal dit hier aan uit Levitikus 19: 18. God se wet wys hoe ons ons naaste innerlik moet lief hê.

Die Here het nie liefde kom leer as die nuwe betekenis of die alternatiewe betekenis van die wet van God wat net iets uiterliks is nie. Die Here het bevestig dat daar net

een manier is waarop mense werklik vir God en mekaar kan lief hê en dit is volgens God se wet. Daarom stel die Here alles wat in die wt en profete as God se gebooe geleer word, berus op liefde.

Alle aangetrokkenheid, hou van, innigheid en intimiteit kan net liefde wees as dit volgens God se wet is.

8. Hoekom was die Jode se liefde dan net iets uiterliks?

Dit was net uiterlik omdat dit nie volgens God se wet reg was nie. Jode het alles probeer om volgens god se wet lief te hê, maar hulle kan nie mekaar so lief hê nie, want hulle kon nie mekaar volgens die ware liefde van die wet van God lief hê nie. Daarom het hulle hul self van God se wet losgemaak en sommer hulle eie liefdeswette opgemaak.

Daarom verklaar Johannes in vers 9 dat liefde nie bestaan uit die liefde wat ons vir God het nie. die 1983 vertaling stel: Werklike liefde is nie die liefde wat ons vir God het nie.” Ons manier van lief hê en liefdes vir onself opmaak – is nie werklike liefde nie. Want dit is nie liefde volgens God se wet nie. Dit is selfopgemaakte liefde.

Dit wys ons presies wat is hierdie nuwe magspreuk van die seksuele rewolusie in die Afrikaanse gemeenskap: liefde is liefde. Dit is volgens God se Woord nie werklike liefde nie. Dit is selfopgemaakte liefde wat nie liefde is nie want dit is nie liefde volgens God se wet nie. Dit is liefde teenoor God se wet wat God se wet afskryf as die manier waarop ons mekaar moet lief hê.

Hulle liefde is presies net soos die Jode se liefde iets uiterliks omdat die hulle nie meer aan die regte liefde volgens God se wet glo nie. Hulle verwerp God se wet as die wyse waarop hulle tot mekaar aangetrokke moet wees, van mekaar moet hou, met mekaar innig en intiem is.

En hierdie verwerping van regte liefde volgens die Here Jesus Christus, doen hulle nou in die kerk, met die leiding van predikante in die Naam van Jesus.

Dit is afgodsdienste en goddeloosheid wat verklaar” liefde is liefde!

9. Kom ons kyk nou na hierdie valse geestelikheid in die kerk se tweede

Hulle leer dat Jesus gekom het om alle veroordeling van God oor mense weg te vat, met die woorde van die Here: “God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie.” (Joh. 3: 17)

Jesus het egter nie gekom om God se veroordeling oor die wêreld weg te vat nie. Dit staan net in die volgende vers: Wie nie glo nie is reeds veroordeel! God het reeds voor die koms van Christus die wêreld veroordeel en die hele wêreld leef onder die veroordeling van God.

Jesus het ook nie gekom om God se veroordeling van die wêreld weg te vat nie. Jesus Christus het gekom om die oordeel van God vir sy kinders te dra, nie weg te vat nie.

Wat is die verskil tussen oordeel wegvat en oordeel dra?

Johannes stel dat God sy liefde vir ons geopenbaar het deur sy unieke Seun te stuur om in ons plek veroordeel te word. Dit is hoe Johannes dit in sy evangelie oor 3 hoofstukke lank beskryf – Jesus ly onder Pontius Pilatus deur in ons plek die aangeklaagde, beskuldigde, veroordeelde en oorgelewerde sondaar te word.

Christus het nie God se oordeel oor ons liefdes kom wegvat nie. God se Seun het die oordeel kom dra vir ons liefdes wat nie liefdes volgens sy wet is nie.

Daarom verklaar Johannes dat ons niks te vrees het vir die oordeelsdag nie want Jesus het reeds ons oordeel en straf gedra en daarom vrees ons nie meer die oordeel en straf nie, want al ons sondes is klaar veroordeel in wat met Jesus Christus onder Pontius Pilatus gebeur het.

God het klaar ons veroordeling gedra. Ons is klaar veroordeel vir ons sondes gewees deur Jesus wat om Paasvrydag vir ons sondes gely het.

Jesus het nie God se oordeel en veroordeling oor die wêreld kom wegvat nie. Hy het ons oordeel in ons plek kom dra sodat ons in Christus klaar vir al ons sondes veroordeel is.

Ons veroordeling is afgehandel, dis klaar in Christus vir my veroordeel, maar die wêreld word nog steeds veroordeel.

10. Die tipe liefde wat ons as gelowiges vir mekaar nou het, is nie liefde wat liefde is nie. Dit is juis die teendeel. Omdat die Here ons oordeel vir ons halwe en verkeerde liefdes gedra het, kan ons onself aan regte liefde verbind!

Regte liefde wat volgens God se wet is!

Want ons oorwinning oor sonde is dat waar ons onself tot die liefde volgens God se wet verbind, ons nie veroordeel word vir wat ons verkeerd doen volgens die wet nie.

Daarom is ons liefde altyd die onderhouding van God se gebod en dit is vir ons nie 'n swaar las nie, want elke keer wat ons dit nie reg kry nie, word ons verseker dat ons steeds in die Here se eerste liefde vir ons bly – ons veroordeling is reeds afhandel in sy veroordeling.

Ons liefde is om God se geboorte na te kom, sonder vrees vir veroordeling.

Ons glo nie liefde is liefde nie. Ons het mekaar volgens God se geboorte lief omdat ons glo ons sondes is reeds veroordeel in Jesus se lyding onder Pontius Pilatus.

Nou waar kry 'n mens iets soos “liefde is liefde” in die Woord van die Here?

Daar s'n vers in die Bybel wat presies dieselfde betekenis het as die slagspreuk: “liefde is liefde!” Ons kry dit in 1 Kor. 6: 12 as die slagspreuk van die Korintiese heidense gemeenskap wat ook binne die kerk uitgeleef was: Alles is my geoorloof,

Kos is vir die maag en die maag is vir kos.” As jy lus kry, dan eet jy! En hulle het nie van kos gepraat nie! As jy lus kry, dan verkeer jy seksueel intiem. As jy aangetrokke voel, innig voel, intiem voel, dan verkeer jy seksueel met mekaar!

Dit was hulle slagspreuk vir hulle seksuele losbandigheid! En dit is hoe ons hierdie nuwe goddeloosheid binne die kerk moet ontdek liefde is liefde en Jesus is liefde!

Wanneer hulle liefde losmaak van God se wet en Jesus se Naam gebruik dat God nie meer sondes veroordeel nie, dan is jou lus jou lus. Daarom beteken die slagspreuk teen die kerk: Liefde is liefde niks anders nie as lus is lus. Lustigheid is lustigheid!

Die verskriklike is egter dat leraar nou leer dat Jesus is lus. Lus is lus, want Jesus is lus! Lustigheid is lustigheid en Jesus is saam met ons lustig! Dit is wat nou in die kerk gepreek en geleer word – die seksuele rewolusie van ’n godlose wêreld in die kerk in die Naam van Jesus.

Kan u dit nou hoor? Jy mag nie mense vir meer mense se seksuele losbandigheid as seksuele losbandigheid eien nie, want Jesus is liefde en liefde eis liefde! Eien jy seksuele losbandigheid as seksuele losbandigheid, dan veroordeel jy nog kamstig mense wat Jesus nie veroordeel nie.

Liefde is nie lus nie. Liefde is om God se gebooie te gehoorsaam en ons het so lief omdat die Here ons eerste lief gehad het. Hy het ons veroordeling oor ons sondes gedra, nie God se oordeel oor sondes kom weg vat nie. Sy eerste liefde laat ons God en ons naaste volgens God se gebooie lief hê. Ons kan nooit hierdie nuwe goddeloosheid in die Naam van Jesus omhels nie: “Liefde is liefde”, want hiermee word met die skyn van liefde doodeenvoudig net verklaar: “Lus is lus!” en nou word dit met die afgodsdien regverdig: “Jesus is my lus!”

11. Kom ons kyk weer na wat Jesus vir die owerspelige vrou gesê het! Ek het vir u net tot op ’n sekere plek die gedeelte gelees en toe gestop, net soos pastore dit doen. Ek het vir u die gedeelte gelees net tot by die Here se woorde: “Ek veroordeel jou ook nie.”

Wat sê die Here vir haar na hy verklaar dat Hy haar nie veroordeel nie? Hy sê vir haar: “Gaan heen en moet nie weer sonde doen nie.” Hy sê nie vir haar: “Ek veroordeel jou nie, want liefde is liefde! Jou lustigheid is nou deur My, Jesus as liefde geregverdig nie!” Wanneer die Here vir haar sê dat Hy haar nie veroordeel nie, dan beteken dit Hy sal haar oordeel onder Pontius Pilatus dra, en daarom moet sy nie meer die wet van God oortree nie, maar nou gaan leef in sy liefde deur lief te hê volgens God se wet en nie met die selfregverdiging leef nie: “Liefde is liefde, my lustigheid is my liefde!”

In watter posisie is ons gemeente?

Daar is lidmate in ons gemeente wat ongetroud saambly. Ons hanteer dit met kerklike tug. Ons probeer dit in wysheid en oordeelkundig hanteer en maak ook foute in ons hantering. Agt lidmate in ons gemeente mag nie nagmaal gebruik omdat hulle ongetroud saambly.

Dit is lidmate wat in sonde val! Ander lidmate doen ander sondes! Gelowiges sondig nog daaglik! Daarom is die versoeking wat na die kerk toe kom: wat sê ons vir mekaar?”, want daar is ’n nuwe boodskap in die kerk vir mense wat sonde doen: “Liefde is liefde!”

Is dit wat ons vir mekaar in die wyke moet gaan sê? “Liefde is liefde!” Is dat hoe ons eredienste moet hou dat mense wat seksueel losbandig leef hulle losbandigheid hier met ons kom vier in die Naam van Jesus met die houding: Jesus is liefde en liefde is liefde, ons vier ons losbandigheid saam met Jesus in die eredienste?

Ons kan nie só saam kerk hou nie! Ons kan nie met mekaar as gelowiges só saam leef nie! Maar wanneer ’n gelowige kom en sê ek was so bietjie simpel, dan sê ons vir hulle maar ons het ook maar ons simpel dinge en simpel tye, maar glo saam met ons dat Jesus het jou oordeel gedra, en kom gehoorsaam weer saam met ons God se geboorte, want dit is hoe ons mekaar lief het.

En dit doen ons nog altyd die hele dag met mekaar! Maar verstaan u die versoeking wat nou deur NG leraars na u toe kom? Hulle kom nou na ons en ons kinders wat só sukkel met ons sondigheid en preek ’n valse evangelie: Liefde is liefde, lus is lus en Jesus is lus!

Kom ons eer die Here! Ons sal nooit só glo en leef nie! Nie ons nie, want dan glo ons nie meer in die lyding van Jesus Christus nie. Jesus Christus dra ons oordeel sodat ons lief het volgens God se wet want al kry ons nie eers 30% reg nie, word ons nie vir ons halwe liefdes vir God veroordeel nie en leef ek in die sekerheid Hy aanvaar my liefde omdat dit uit sy eerste liefde gebore is!

Ons het lief volgens God se gebod omdat die Here ons altyd eerste lief het!

Hy veroordeel ons nie, nie omdat nie meer veroordeling is nie, maar omdat Hy ons oordeel gedra het en die oordeel waaronder almal is spaar. Christus oordeel elke dag die wêreld vir hulle innighede, hulle aangetrokkenheid, hulle intimiteit en sal hulle met sy wederkoms ook finaal daarvoor veroordeel.

Al hoekom ons nooit deur die Here veroordeel word nie, is omdat ons klaar veroordeel was in sy veroordeling onder Pontius Pilatus. Ons veroordeling is afgehandel! Jesus het vir ons gely!

Ons het lief volgens God se wet omdat Christus ons eerste lief gehad het, ons kan nie só leef nie: “Liefde is liefde en Jesus is ons lustigheid!”

